# REDAKSIONEEL

## 'n Woord van Afskeid

### (a) Van die Historiese Genootskap en Historia

Dit gaan hier om twee sake, nl. afskeid van die Historiese Genootskap van Suid-Afrika en afskeid van die Akademie wat ek deur *Historia*, doseerwerk en openbare voorlesings vir langer as 30 jaar bevorder het.

Na die uittrede van dr J J van Tonder in 1975, nadat hy sedert 1956, toe *Historia* vir die eerste keer verskyn het, vir byna 20 jaar as voorsitter van die Genootskap opgetree het, het ek as voorsitter oorgeneem. Die stigtingsdoel van die Genootskap was om die belange van geskiedenis te bevorder, veral deur sy spreekbuis, *Historia*, waarvan ek in Januarie 1973 hoofredakteur geword het, die derde redakteur. Voor my het prof A N Pelzer van 1956 tot 1970 gedien en daarna prof F J du Toit Spies van 1971 tot 1972. Terwyl dr Van Tonder as entoesiastiese onderwysman geskiedenis veral op skool deur die Genootskap en *Historia Junior* (vandag *Gister en Vandag*) bevorder het, het ek sonder om geskiedenis op skool te verwaarloos sowel die Genootskap as *Historia* meer in die akademiese rigting laat beweeg. Ek het geredeneer dat as dinge bó gedien word, dit wel na benede sou deurwerk.

Sedert 1980 het ek met redaksionele kommentaar begin om *Historia* tot instrument vir die bevordering van die moderne wetenskap van die geskiedenis aan die universiteit te laat word. Die artikels is in 'n bepaalde rigting gelei nl. 'n ondersoek na die verhouding van geskiedenis tot sy buurvakke met die oog op interdissiplinêre samewerking en modernisering. 'n Agterstand wat veral Afrikaanssprekende historici sedert die Tweede Wêreldoorlog as gevolg van geestelike isolasie ten opsigte van die moderne ontwikkeling in die geskiedwetenskap opgebou het, moes deur bewusmaking van die stand en posisie van geskiedenis ingehaal word. Pleidooie vir 'n nuwe tematologie en metodologie wat deur die gemoderniseerde Suid-Afrika — die industrieel-stedelike werklikheid — genoodsaak word is sedert 1977 gelewer wat heraanpassing en verandering in die visier gehad het. Daardeur het die Genootskap en *Historia*, so hoop ek, 'n bydrae gelewer tot die bevordering van die nuwe tipe geskiedenis — al was dit dan net teoreties — wat in die Weste beoefen word. Daarmee is hopelik op historiese gebied 'n brug tussen ons land en Europa geslaan en 'n ou tradisie herstel. Drie besoeke aan Europese universiteite in 1976, 1978 en 1980, en intense leeswerk het my kennis verdiep. Ek vertrou dat die aangebode artikels wat ons landswyd van akademici ontvang het van nut vir sowel die wetenskap as die onderrig was. Die bydrae van *Historia* tot die bevordering van die geskiedenis sedert 1956 mag nie onderskat word nie. Dit moet nog deur 'n student ondersoek word. Ons is dankbaar teenoor die Departement Nasionale Opvoeding en die Universiteit van Pretoria vir die finansiële steun vir die publikasie van *Historia* waarsonder die geskiedwetenskap in Suid-Afrika kultureel armer sou gewees het. 'n Woord van dank ook aan die redaksie van *Historia*, veral dr D H Heydenrych, die redaksionele sekretaris, en aan die personeel van my Departement wat die tydskrif geadministreer het, veral mej Bell.

### (b) Van die Akademie

Omdat *Historia* 'n akademiese tydskrif is wat sedert sy ontstaan deur die Departement

Geskiedenis van die Universiteit van Pretoria behartig is — sy drie redakteurs was almal van die Departement — is dit seker nie onvanpas nie om ook van die Akademie waaraan ek 28 jaar verbonde was en by drie universiteite diens gelewer het Unisa (1958—1967), RAU (1967—1972) en UP (1973—1985) afskeid te neem. Haas ongemerk het 'n mens wat vroeër as 'n "jong historikus" bekend gestaan het, na die "ouere geslag" verskuif.

Vir my was die omgang met Geskiedenis een groot avontuur. 'n Stokperdjie en 'n lewensroeping was daarin verenig. Ek het nooit een vervelige oomblik gehad nie, ook nie 'n oomblik om te mors nie. Nie net was doseerwerk 'n voorreg en opwindend nie, maar ook navorsing en skryfwerk. 'n Mens het jonk gebly — al het jy verouder in jare — omdat jy jaar na jaar die jeug, 'n volk se lente, voor jou leerstoel ten aanskoue gehad het, en dié was inspirerend.

Leeswerk en studie het baie tyd geverg. Voor jy dit besef was jou kinders groot en uit die huis. Daar is twee voorwaardes waaronder 'n mens 'n akademikus kan word: die eerste is vrye tyd en die tweede afsondering, met natuurlik 'n begrypende vrou daarby. Beide kan misbruik word, maar wanneer dit positief in die diens van die vak aangewend word, word die tyd in die woord gestol. Baie woorde het uit my pen gevloei. Mev H Brink, ons Fakulteitsekretaresse, het dikwels aan my gesê as sy een sent vir elke woord wat sy vir my getik het kon verdien, sou sy ryk geword het. Ek hoop mense het hulle geestelik verryk gevoel by die lees van my woorde. Natuurlik nie almal nie — dit was soms gevaarlik om 'n geskrewe referaat in die openbaar voor te dra — nou reeds deel van die groot avontuur met die verlede.

'n Mens se werk bly egter soos die lewe onvoltooid. Ek het stof versamel vir ten minste vyf boeke wat nog geskryf moet word. Aftrede bied hopelik die geleentheid om agterstallige werk in te haal en 'n ereskuld uit te wis. Dit gaan hier om materiaal wat oor baie jare ingesamel is ter voltooiing van my Groningense proefskrif oor die strewe na nouere vereniging tussen die Oranje-Vrystaat en die SA Republiek (1865—1899). Doseerwerk, administrasie en tydsbehoeftes het verhinder dat dit deurlopend geskryf kon word. Ek het steeds gewag totdat my huidige werk *klaar* sou wees, voordat ek met die *magnum opus* begin. Die "klaar" het nooit gekom nie — eers met afrede. Aftrede is vir my dus 'n nuwe begin van positiewe skepping en voltooiing van wat lankal afgehandel moes gewees het.

Werk wat gedoen is strek oor 'n wye belangstellingsveld: politieke, geestes- en kultuurgeskiedenis, eietydse geskiedenis en tydsvertolking, historiografie en geskiedenisfilosofie asook skoolgeskiedenis en die didaktiek. Wat die geskiedenisbeoefening betref was ek soos die Tweeling waaronder ek gebore is, dubbelpolig: "Es wohnt zwei Seelen in meiner Brust!" (Goethe). Die een siel was behep met teoretiese geskiedenis, die ander met die praktiese. Hulle het my hele lewe lank in twee teenoorgestelde rigtings getrek. Teoretiese belangstelling het my rigting aan die historiese denke laat probeer gee, wat dikwels na die afskeping van die argief en praktiese ondersoeke gelei het — 'n verwyt wat wel teenoor my gemaak is. Maar kon 'n mens in die teorie en historiografie lees — honderde boeke is ter sprake — altwee gelyktydig beoefen en ewe produktief in elke veld wees? Geen wonder nie dat die twee laaste bande van my hoofwerk nog na my aftrede geskryf moet word.

Ek kon nie tegelyk die nuwe sosiale geskiedenis beoefen wat ek bepleit het, en tegelykertyd toe teorie beoefen nie, veral nie as duisende inligtingskaartjies uit die argiewe — Londen, Den Haag, Kaapstad, Bloemfontein en Pretoria — op jou lê en wag om bewerk te word nie. Dan ook het heelwat boeke my uit die rak voor my suur aangegluur omdat ek hulle nie gelees het of betyds van hulle kon gebruik maak nie.

Het die breë publiek — "die volk" — my wetenskaplike werk nie aangekoop en gelees nie, het ek altyd die vreugde gesmaak dat, terwyl ek met universitêre onderrig besig was, leerlinge in baie skole my skoolhandboeke sedert 1958 benut het, waardeur 'n opvoedkundige diens aan die samelewing gelewer is.

Op die front van die verenigingslewe was ek selde aktief omdat dit indruis teen die voorwaardes van studentwees, nl. vrye tyd en sosiale afsondering, hoewel vakbelange vereis het dat dit nie heeltemaal opsygesit kon word nie. Dit gaan hier byvoorbeeld om die Argiefkommissie waarvan ek 5 jaar lank lid tot 1975 was, die Geskiedeniskommissie van die NG Kerk, die Akademie se Kommissie vir Geskiedenis en die TOD se Kommissie vir Leerganghersiening, benewens my voorsitterskap van die Kommissie van Toesig oor die geskiedskrywing van die Tweede Vryheidsoorlog deur die twee Staatshistorici. Hier kan weer eens na die Historiese Genootskap en *Historia* verwys word.

Wat vryetydsbesteding betref het ek besef dat omgang met slegs die Geskiedenis, dus net een vak, 'n mens kan vereensydig, laat fossileer selfs. Miskien vanweë 'n kunsaanleg, meer bepaald 'n kunsaanvoeling, het ek uitstallings bygewoon en style leer ken, wat my kunsoordeel en kunskennis bevoordeel het. Kunsgalerye oorsee en plaaslik was altyd 'n avontuur, ook die versameling van skilderye waaroor ek baie kan vertel. My spaargeld het nie in 'n plasie, 'n bakkie of boorgat gegaan nie, dit is teen my mure met kunswerke geïmmobiliseer, maar dié het altyd, veral saans as ek moeg gewerk was, afleiding, gesprekvoering en lewensvreugde verskaf. Persoonlike omgang met groot kunsgeeste soos Gregoire Boonzaier, Battiss, Jentsch, Sumner, Coetzer, Westbrook en Gordon en Anna Vorster was verrykend, net soos my vriendskap met Aart von den Hoek, Sarel Pretorius, maar veral G D Scholtz en Ernst van Heerden.

Sport het ek nie beoefen nie behalwe in my skool- en onderwyskollegejare. My sport het in die jag na argeologiese voorwerpe gelê, want die Argeologie was ook 'n stokperdjie waaroor ek wyd gelees het. Die veld daarbuite leen hom daartoe. Die lewe van mense voor die blankes gekom het, het my gefassineer en my verbeelding aangegryp, veral soos dit in klipwerktuie gestalte gevind het. Ek het baie keer gedroom dat ek in die oertyd terug was en sy mense ontmoet — in lewende lywe gegroet het. Gelukkig het my seun sowel 'n geskiedkundige as argeoloog geword.

Die tweede "sport"-soort was Sterrekunde, die oudste vak bekend en tegelyk een van die mooistes wat na siel en liggaam opheffend was. Wat gee meer ontspanning as om 'n gebuiste tienduim-spieëlteleskoop snags in die hemelruim rond te beweeg en kontak te maak met sterrestelsels 65 miljoen ligjaar verwyder van moederaarde. Ek verwys na die galaksieswerm in Virgo, die Maagd. Hoe opgewonde was ek nie toe ek Andromeda vir die eerste keer in my oogstuk gekry het — twee miljoen ligjaar ver. Het iemand uit daardie sterrestelsel moontlik ons Melkweg bespied terwyl ek na hulle kyk? En dan die lewendige bolhope — Tucana M47 en Omega Centaurus — wat soos stringetjies pêrels skitter en wink. Ook die talle gasnewels soos die ou Grote in Orion en Eta Carina het gloeiend na my gestaar. Ope-hope met hulle grillige vorme en blinkogies, kleureverskeidenheid en tweelingsterre — dit alles was vreemde wêrelde wat jou wegvoer uit die alledaagse bestaan, alles op aarde laat vergeet en jou die voorreg van *bewussyn* en *wete* laat besef.

Jý weet van die verre, vreemde liggame, maar hulle nie van jou nie, en jy besef skielik dat elke stukkie stof in jou liggaam sterstof is, duisende miljoene jare gelede gekook en gevorm in die hart van supernovas, toe uitgestoot in die ruimte, geakkumuleer weer eens tot sterre, tot twee, drie maal toe voordat dit in jou liggaam tereggekom het. Tussen die lewe op aarde en die sterre is daar 'n noue verband. Dink aan die

misterieuse Saturnus en die bewegende mane van Jupiter wat my dikwels na sonsverduisteringe op dié planeet laat kyk het. As jy die teleskoophuisie vir die aand (soms vroegoggend eers) gesluit het, is jy weer mens en verfris om intellektueel te vibreer.

'n Mens leef nie in volkome afsondering nie. Ek neem ook afskeid van kollegas van my eie Universiteit en van ander, van medewerkers, helpers en studente. 'n Woord van dank aan almal wat na aan my gestaan en my onderskraag het in die uitvoering van 'n lewensroeping wat glad te gou verby is. Gedroomde boeke het soos fonteinwater uit die oog na bo geborrel maar dan weer na benede gesink — te weinig tyd om gestalte daaraan te kon gee. Een lewe is te kort om uit te voer wat jy graag wou. Maar jy het die voorreg gehad om te ondersoek en te skep — daarin was vreugde — al was jou bevindinge nie vir almal aanvaarbaar nie — en dit het die lewe die moeite werd gemaak.

Om weer na Goethe te verwys:

"In Lebensfluten, im Tatensturm
Wall' ich auf und ab,
Webe hin und her!
Geburt und Grab
Ein ewiges Meer,
Ein wechselnd Weben
Ein glühend Leben
So schaff ich am sausenden Webstuhl der Zeit
Und wirkte der Gottheit lebendiges Kleid."

Nog eens Goethe:

"Was heute nicht geschieht, ist morgen nicht getan,
Und keinen Tag soll man verpassen."

Maar ook Rilke:

"Ich lebe mein Leben in wachsenden Ringen,
die sich über die Dinge ziehn,
Ich werde den letzten vielleicht nicht volbringen,
aber versuchen will ich ihn."

F A VAN JAARSVELD
*Hoofredakteur*

**'n Afskeidswoord aan die hoofredakteur**

Dertien jaar lank is prof F A van Jaarsveld nou al die hoofredakteur van *Historia*. Soos alle ander dinge wat hy aanpak, het hy hierdie taak met volle oorgawe uitgevoer. Daarom het die tydskrif in hierdie tyd 'n buitengewone hoë akademiese standaard gehandhaaf. As gevolg van die dinamiese leiding van die hoofredakteur is artikels op versoek deur akademici geskryf — die reeks oor die verhouding van Geskiedenis en sy

buurwetenskappe was hiervan die resultaat. By ander geleenthede het op sy inisiatief en aansporing spesiale uitgawes verskyn: in 1981 oor die Eerste Transvaalse Vryheidsoorlog en die 25-jarige bestaan van die Historiese Genootskap; 'n ander is feitlik alreeds vir 1986 gereed oor die eeufeesherdenking van Johannesburg; en 'n derde is ook in wording om die honderdste geboortejaar van die kunstenaar, J H Pierneef, te herdenk. Tussen al hierdie inisiëringswerk het prof Van Jaarsveld gesorg vir prikkelende redaksionele artikels: oor die stand van ons geskiedskrywing — veral die agterstand t.o.v. die Europese historiografiese ontwikkelings — oor die nuwe neigings in ons eie historiografie; oor die verval van geskiedenisbelangstelling op skool en aan die blanke universiteite, ens. Daarby moes hy ook 'n wakende oog hou oor die finansies van die tydskrif wat etlike jare lank 'n bron van groot kommer was; hy moes by geleentheid by die staat gaan pleit vir 'n groter finansiële bydrae om hierdie orgaan van die geskiedenisindustrie aan die gang te hou. Tussendeur het hy feitlik alles gelees wat vir publikasie voorgelê is, kommentaar gelewer, advies ingewin en algemene oorhoofse toesig uitgeoefen. Hy het aangespoor en aangepor en op allerlei wyses toegesien dat *Historia* die wetenskap van die geskiedenis dien. Dié wetenskap is ryker gelaat deur sy rol as redakteur.

Die redaksie bring langs hierdie weg hulde aan sy ywer en wens hom 'n aangename en produktiewe rustyd toe, gedagtig aan sy motto:

"Vryheid, vlyt en isolasie:
Die bron vir skepping en prestasie.

D H HEYDENRYCH
*Redaksionele Sekretaris*